U3A STILBAAI

Nuusbrief Nr. 13

www.u3astilbaai.org
info@u3astilbaai.org

Julie 2016

STIGTINGS-VERGADERING

Maandag 25 Julie 2016, 09h00 vir 09h30.
Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai-Wes.

MAANDELIKSE VERGADERING

Volg die Stigtings-vergadering.

Die Beleg van Colesberg en die min bekende oorwinnings van die Boere-magte onder Generaal De la Rey in die gebied.

Belinda Gordon.

Belinda was Kurator van die Colesberg Kemper Museum van 1990 tot 2008, en skryf tans 'n boek saam met Professor Mike de Jongh oor die Beleg van Colesberg. Met haar navorsing het sy gevind dat daar min van Colesberg in die literatuur oor die Anglo Boere-oorlog verskyn, ten spyte van die betrokkenheid daar van generaals soos De la Rey en French.

Van briewe, dagboeke, knipsels, en familiestories het sy heelwat inligting ingesamel oor die beleg van en aksies by Colesberg van November 1899 tot Maart 1900. Sy haar navorsing met ons deel, in besonder die alledaagse ondervindings van mense wat in Colesberg gewoon en geveg het.

Gaste en nie-lede is welkom by die praatjie, toegang is gratis.

DIT EN DAT …

Algemene Vergadering op 27 Junie.

Niel van Wyk het 'n interessante praatjie oor die Stilbaai Duine gelewer waarin hy beskryf hoe duine gevorm word en die komplekse en dinamiese interaksies van see, sand en duine. Hy beskryf die Stilbaai-Oos duine as 'abnormaal', en verduidelik hoe die mens se inmenging ontwetend die oorsaak was hiervan. Huidige probleme wat inwoners op en agter die duine ondervind is bespreek, en hy het afgesluit met voorstelle hoe om hierdie probleme aan te spreek.

U3A Komitee.

Persone wat belangstel om op ons komitee te dien kan ons gerus kontak op *info@u3astilbaai.org* – name vir die komitee moet aan die lede voorgelê word by die Stigtings-vergadering. Daar is nie veel werk om te doen nie, maar ons het nog breinselle nodig vir die komitee. En dink net wat jul vriende sal sê as julle hul vertel dat julle op die Universiteit se bestuurskomitee dien!

Lidmaatskap fooie.

Lidmaatskap fooie vir die 2016-17 jaar bly R30 per persoon per jaar. Ledegeld is nou betaalbaar, betaal asseblief by die volgende vergadering. Lede sal ons nuusbrief ontvang asook ander informasie wat ons van tyd tot tyd sirkuleer. Dankie aan daardie lede wat reeds vir die komende jaar betaal het.

Interim voorsitter vir U3A Stilbaai.

Stefan Pretorius, interim voorsitter van die bestuurskomitee van U3A Stilbaai sedert hy die beweging verlede jaar hier in Stilbaai geloods het, het lank reeds die wens uitgespreek dat iemand anders die posisie van voorsitter by hom oorneem, maar hy is nog beskikbaar vir enige ander posisie op die komitee.

Die komitee het Niel van Wyk as interim voorsitter aangewys totdat die nuwe voorsitter na die Stigtings-vergadering verkies word.

Kan iemand ons help?
Ons epos adres vir een van ons lede is foutief, as iemand haar ken, vra asseblief vir Josephine Slabbert om ons 'n epos te stuur by *info@u3astilbaai.org* sodat ons die nuusbrief, ens aan haar kan stuur.

SPESIALE UITNODIGING AAN U3A STILBAAI LEDE

Favour Stoetery op Droëvlakte nooi lede van U3A Stilbaai uit vir 'n toer van die stoetplaas. Dit sal op 'n Woensdag wees in Julie of vroeg Augustus, afhangende van die weer; ons moet drie datum opsies gee.

Ons begin in hul Funksie-kamer om 10h00 vir 'n 15 minute praatjie oor resies perde en perde-resies, daarna breek ons op in kleiner groepies om die perde en stalle te besigtig. Daar is geen toegangsgelde te betaal nie, Favour Stoetery beskou groep toere as 'n diens aan die gemeeenskap, maar ons sal 'n klein fooi vra om die koste van verversings wat hulle voorsien te dek.

Lede wat belangstel in hierdie toer, kontak ons asseblief so spoedig moontlik by *info@u3astilbaai.org*; ons sal meer detail verskaf aan dié wat belangstel. Wanneer 'n spesifieke dag gekies word, sal ons u vier dae voor die tyd inlig.

NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HIERDIE TOER NET VIR LEDE BESKIKBAAR IS.

U3A STILBAAI KURSUSSE

Kursusse is net vir lede. Die volgende kursusse is reeds óf aan die gang óf in beplanning:

- **Beginner's Kuns** : Teken of verf in medium van u keuse – vergader die eerste Donderdag van elke maand. Kontak Julie op *wilson.julie222@gmail.com*.
- **Natuurwetenskap kursusse** : Kursusse het nog nie begin nie. Enige lid wat graag sy/haar kennis of kundigheid met ons wil deel vir 'n kort voordrag, is welkom om ons te kontak; indien nodig sal ons help om die voordrag op te stel. Kontak Brian en/of Stefan op *info@u3astilbaai.org.*
- **Stapgroepe** : Die stapgroep kom elke Vrydag byeen om interessante roetes te stap. Kontak Cheryl op *cheryl@kmintsa.co.za*.
- **Leunstoel Reise** : Kontak Brian op *info@u3astilbaai.org* vir datums en tye.
- **Voëlkyk vir Beginners** : Die kursus in Augustus is reeds vol, die volgende kursus sal in 2017 wees – dit sal in Afrikaans wees. Ons sal later in die jaar meer inligting verskaf.
- **Power, Ritual and Exclusion** : Die kursus vind plaas op Woensdae: 6de, 13de en 20ste Julie om 10h00. Die getalle sal beperk word weens beperkte spasie; kontak Janet Stonier by *jet33@telkomsa.net* of skakel 028 754 3844.

Kontak ons gerus as u terugvoering het oor enige van ons kursusse, of voorstelle het vir nuwe kursusse wat ons kan aanbied. Epos: *info@u3astilbaai.org*.

TOEKOMSTIGE PRAATJIES ...

Ons het verskeie interessante sprekers en onderwerpe vir komende algemene vergaderings. Sprekers is gevra om, indien moontlik, beide Engels en Afrikaans in hul praatjies te gebruik.

- 29 Augustus 2016: Roberto Anastagi: *Syria under the rule of Rome and during the Crusades.*
- 26 September 2016: Dave Carter*: Fantastica Antarctica*.
- 31 October 2016: Stefan Pretorius: *4 Trips in, and escape from – Iran*.